GAUTENG VERVOEROWERHEID WET 2 VAN 2019
GAUTENG DEPARTEMENT VAN PAAIE EN VERVOER
LET WEL: DIE KONSEP- STRATEGIESE VERVOERPLAN VIR GAUTENG PROVINSIE IS BESKIKBAAR VIR OPENBARE OORSIG EN KOMMENTAAR

Die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) belas met Paaie en Vervoer in die Gauteng-provinsie gee hiermee kennis dat die eerste konsep van die Strategiese Vervoerplan (SVP) vir Gauteng Provinsie, saamgestel ingevolge artikel 7 van die Wet op die Gauteng Vervoerowerheid, Wet 2 van 2019, afgehandel en beskikbaar is vir insae, openbare oorsig en kommentaar by die streekkantore en op die webwerwe hier onder genoem.

Die SVP vir die Gauteng Provinsie is saamgestel in ooreenstemming met die vereistes van artikel 7 van die Wet op die Gauteng Vervoerowerheid, Wet 2 van 2019.

Die bygewerkte SVP sal 'n strategiese plan voorsien om vervoerbeplanning in Gauteng oor 'n tydperk van vyftien jaar te rig. Die doelwitte van die Gauteng SVP is om 'n langtermyn- strategiese beplanningsraamwerk vir die geïntegreerde ontwikkeling van vervoerinfrastruktuur en -dienste in Gauteng te verskaf.

Met die samestelling van 'n strategiese vervoerplan moet die Vervoerowerheid vir Gauteng ag slaan op :

- Die Nasionale Landvervoer- Strategiese Raamwerk bedoel in artikel 34 van die Wet op Nasionale Landvervoer, 2009;
- Die Provinsiale Landvervoerraamwerk bedoel in artikel 35 van die Wet op Nasionale Landvervoer, 2009;
- Die Geïntegreerde Vervoerplanne van die betrokke munisipaliteite bedoel in artikel 36 van die Wet op Nasionale Landvervoer, 2009;
- Demografiese, ekonomiese, maatskaplike, reis- en vervoertendense in die Provinsie;
- Bestaande, beplande en geskatte grondgebruikontwikkeling;
- Tendense en vereistes van persone wat van buite die Provinsie na die Provinsie reis, en omgekeerd, en die aanvraag vir sodanige reis;
- Enige voorstelle wat ontvang is van die openbarevervoerowerhede en -operateurs; en
- Sodanige ander aangeleenthede wat deur die LUR voorgeskryf mag word of wat deur die Owerheid as geskik geag word.

Die Vervoerowerheid vir Gauteng moet verder verseker dat die strategiese vervoerplan konsekwent is met relevante streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerke wat ingevolge Deel D van Hoofstuk 4 van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 saamgestel is.

Die konsep-Gauteng SVP bou voort op bestaande literatuurhulpbronne en weerspieël insette wat gedurende die afgelope ses maande van belanghebbendes en sleutelrolspelers ontvang is. Die 30 dae-tydperk vir openbare oorsig van die konsep-Gauteng SVP begin op **Donderdag 20 Februarie 2025** en eindig op **Maandag 24 Maart 2025.** Die publiek kan teen nie later nie as 24 Maart 2025 skriftelike kommentaar en insette vir oorweging by die Departement indien.

U insette en kommentaar sal hoogs waardeer word en is 'n noodsaaklike deel van die beplanningsproses. Dit sal ook waardeer word as die publiek die sperdatum vir indiening van kommentaar nakom ten einde te voldoen aan die toepaslike tydlyne; dit kan beteken dat kommentaar wat ná daardie datum ontvang word, nie betyds oorweeg sal kan word nie. Skriftelike kommentaar kan in enige amptelike taal wees

Uitnodiging aan belangstellende en geaffekteerde partye om 'n virtuele vergadering by te woon

Die Vervoerowerheid vir Gauteng (TAG) nooi alle belangstellende en geaffekteerde partye (B&GP'e) om aan hierdie openbare oorsigproses deel te neem deur 'n virtuele openbare vergadering soos volg by te woon:

Datum: Dinsdag 11 Maart 2025
Tyd: 09:50 vir 10:00 vm tot 13:00 nm
Platform: MS Teams

RSVP: REGISTREER asseblief voor of op 6 Maart 2025 om die vergadering by te woon deur 'n e-pos te stuur na die TAG se kantoor vir belanghebbendekonsultasie by die volgende e-posadres:
stpandiip@taggcr.co.za of toni@pietersenpp.com

Alle B&GP'e wat registreer om die virtuele vergadering by te woon, sal 'n skakel na die vergadering ontvang. Let wel: Voornemende deelnemers aan die vergadering hoef nie MS Teams te hê om toegang tot die vergadering te kry nie, maar hulle sal egter deur 'n "blaaier" moet aansluit as hulle nie MS Teams het nie. |

Liggings waar gedrukte afskrifte van die konsep-SVP besigtig kan word:

Die konsep-SVP is ter insae beskikbaar by die streekkantore van die Departement van Paaie en Vervoer en alle plaaslike munisipaliteite in Gauteng (verwys na lys). 'n Bestuursopsomming van die konsep-SVP is beskikbaar in die volgende tale by die gelyste openbare plekke (sien lys) of op versoek vanaf die kantoor vir SVP-belanghebbendekonsultasie (besonderhede hier onder): Engels, isiZulu, Sepedi en Afrikaans.

Elektroniese afskrifte van die konsep-SVP en/of die Bestuursopsomming is beskikbaar op versoek vanaf die kantoor vir SVP-belanghebbendekonsultasie deur 'n e-pos na die volgende kontakpersoon te stuur:

Antoinette Pietersen
Gauteng SVP-projek: Koördineerder in die kantoor vir belanghebbendekonsultasie Vervoerowerheid vir Gauteng

Posadres:
Posbus 1266
Kelvin
2054

Straatadres:
Grand Central Boulevard 44, Uitbreiding 1
Midrand
1682

E-pos van die kantoor vir SVP-belanghebbendekonsultasie:
stpandiip@taggcr.co.za of toni@pietersenpp.com

Webwerfadresse vir toegang tot elektroniese afskrifte van die konsep-SVP en/of Bestuursopsomming:

www.gauteng.gov.za (onder "Publications")

OF

https://www.gautengonthemove.co.za

Sperdatum vir indiening van kommentaar:
Maandag, 24 Maart 2025. Slegs skriftelike kommentaar sal aanvaar word.

LYS VAN OPENBARE PLEKKE		
GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN PAAIE EN VERVOER SE KANTORE IN GAUTENG		
Ligging van Streekkantoor en Plaaslike Munisipaliteite	**Straatadres**	**Kontaknommer**
Benoni-streekkantoor	Main Reef Road, Van Rhyn, Benoni	**Tel:** (011) 748 2000 **Selfoon:** 083 790 9399
Bronkhorstspruit-streekkantoor	Oviprostraat 2, Riamarpark, Bronkhorstspruit	**Tel:** (013) 932 0171 **Selfoon:** 082 430 8011
Derdepoort-streekkantoor	Baviaanspoortweg 326, Tshwane	**Selfoon:** 082 939 5869
Heidelberg- streekkantoor	Stasieweg 1, Heidelberg	**Tel:** (016) 349 1275
Koedoespoort Regional Office	Michael Brinkstraat 1215 / Nico Smithlaan, Tshwane	**Tel:** (012) 310 2200 **Selfoon:** 071 670 5935
Krugersdorp Regional Office	97 Fourth Straat, Krugersdorp Noord	**Selfoon:** 072 061 2595
Life Centre-gebou (Hoofkantoor, Gautengse Departement van Paaie en Vervoer)	Commissionerstraat 45, Marshalltown, Johannesburg	**Tel:** (011) 355 7000 / 7332
Vereeniging-streekkantoor	Lagerstraat 16, Leeuwkuil, Vereeniging	**Tel:** 010 345 4367 **Selfoon:** 060 546 7461
Vervoerowerheid vir Gauteng	Grand Central Boulevard 44, Uitbr. 1, Midrand	-

PLAASLIKE OWERHEDE IN GAUTENG		
Distriksmunisipaliteite (DM)		
Sedibeng DM	H/v Beaconsfield- & Lesliestraat, Vereeniging	**Tel:** 066 472 7234
West Rand DM	H/v Sesde- & Parkstraat, Randfontein	**Tel:** 079 510 2695
Metropolitaanse Munisipaliteite (Metro's)		
Ekurhuleni Metro	EGSC-gebou, h/v Kruis- en Rosestraat, Germiston	**Tel:** 063 686 6669
Johannesburg Metro	Metropolitaanse Sentrum 1ste Vloer, Raadsaal-vleuel, Lovedaystraat 158, Braamfontein, Johannesburg Helen Josephstraat 75, Departement van Vervoer, Johannesburg	-
Tshwane Metro	Tshwane Huis Ontvangs H/v Madiba & Lillian Ngoyi Strate Tshwane	-
Plaaslike Munisipaliteite (PM's)		
Emfuleni LM	H/v Klasie Havenga en Frikkie Meyer Boulevard, Vanderbijlpark	**Tel:** 087 562 1982
Lesedi LM	Burgersentrum, h/v HF Verwoerd- en Louwstraat, Heidelberg	**Tel:** 016 492 0049
Merafong LM	Halitestraat 3, Carletonville	**Tel:** 018 788 9500
Midvaal LM	H/v Junius- & Mitchellstraat, Meyerton	**Tel:** 016 360 7445
Mogale City LM	Krugersdorp Biblioteek H/v Von Brandis and Market-strate Krugersdorp Burgersentrum	**Tel:** 081 031 4055
Rand West City LM	H/v Sutherland- & Pollockstraat, Randfontein	**Tel:** 010 496 5635